

**22 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 150**

**Fokusgedeelte: Psalm 150:1-6**

**Alles en almal moet die Here prys**

Hierdie psalm rond die hele psalmbundel af. Ons het gehoor van gelowiges se vreugdes, worstelinge, verwondering en afhanklikheid oor en van God. By die psalmdigter is daar eintlik 'n gebrek aan woorde om God te prys. Hy roep alles en almal in die hemel en op die aarde op om mee te doen en deel te neem aan hierdie lofprysing.

'n Mens kan nie anders as om Hom te prys vir dit wat Hy alles doen nie. Sy daade bring ons onder die indruk van sy grootsheid. Alle skepsele ... alles wat lewe ... word opgeroep om Hom te prys.

Dit vra harte wat oorborrel van lof wanneer ons oor Hom dink. En die psalmdigter roep ons op om daardie lof uit te stort deur musiek wat die diepste innerlike roersele van ons siele verwoord. Vir 'n gelowige kan dit tog nie anders nie: Gelowiges kyk terug en sien die hand van die Here in die lewe van die kerk. Hy dra sy kerk deur die dieptes ... deur die vreugdes ... deur die worstelinge ... om kerk te probeer bly soos Hy sy kerk wil hê.

En ons kan die Here innig dankbaar wees vir sy kerk op aarde. Dit is sy kerk. En dit is ons genadevoorreg om deel van sy kerk te mag wees. Ons het egter die taak om deur woord en voorbeeld te bly getuig dat die Here ons hier op aarde geplaas het. Ons optrede moet ook ander daartoe bring om Hom te prys en om van Hom te getuig en om die eer aan Hom alleen te gee.

Wanneer ons God prys oor sy grootsheid en almag, kan ons nie anders nie as om Hom te loof oor wat Hy gedoen het toe Hy Jesus Christus aarde toe gestuur het. Deur Christus se soenverdienste het Hy ons sy kinders gemaak. En deur die werking van die Heilige Gees het Hy al ons menslike skanse afgebreek. Hy het ons laat beseft dat ons nie sonder Hom kan lewe nie. Hy het ons nuwe mense gemaak wat nie meer ons eie wil nie, maar sy wil najaag.

Sien jy die Here se liefde, genade, trou, grootsheid en almag rondom jou raak ... in jou eie lewe raak? Hoe kan jy anders as om Hom met hart en mond ... met jou lewe ... daarvoor te loof en te prys?

*Sing: Psalm 150:1, 2 (Totius)*

*Dr JH Howell (Heidelberg)*